

O GOD, OUR HELP IN AGES PAST

O God, our help in ages past,
Our hope for years to come;
Our shelter from the stormy blast,
And our eternal home.

Under the shadow of Thy throne
Thy saints have dwelt secure;
Sufficient is Thine arm alone,
And our defence is sure.

Before the hills in order stood,
Or earth received her frame,
From everlasting Thou art God,
To endless years the same.

A thousand ages in Thy sight
Are like an evening gone;
Short as the watch that ends the night
Before the rising sun.

O God, our help in ages past,
Our hope for ears to come;
Be Thou our guard while life shall last,
And our eternal home.

Isaac Watts

BOOMSLOPINGS & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za



JAARTEMA:
IN AANBIDDING VOOR GOD

Mei 2015



HOU AAN BID, en weet God is jou Competitive Advantage

2 Korintiërs 4:1-6

In die besigheidswêreld vra besighede 'n eenvoudige vraag: Wat maak óns beter as ons mededingers? Die term hiervoor is **competitive advantage**. Dit is baie belangrik dat elke besigheid presies sal weet wat sy mededingende voordeel in die mark is en om dit te koester en uit te bou.

Ons moet ook weet wat ons mededingende voordeel in die lewe is. Omdat ons kinders van God is, beteken dit nie dat ons die binnebaan het nie. Dit beteken nie dat ons gevrywaar word van probleme op die pad van die lewe nie.

Ons het dan iets nodig om aan vas te klou. Wanneer verhoudings om my inmekaar tuimel, wanneer die mense wat ek die liefste het my erg seermaak, wanneer my droom ewe skielik soos 'n ster in die niet verskiet, wanneer my geldsake beroerd is, wanneer die een probleem na die ander aangerol kom en ek voel asof ek die plug op die lewe moet trek, móét daar iets of iemand wees waaraan ek kan hang of wat ek kan vasgryp terwyl ek weet dit sal nie onder die druk meegee nie. **Ek het 'n competitive advantage nodig.** Iets/iemand wat my 'n voordeel bo die branders sal gee en my staande sal hou in die gevarelike landskap van die lewe van elke dag.

>>>

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

Paulus weet van gevaaarlike landskappe. Hy weet van baie nagte in die tronk slaap. Hy weet van kritiek van die mense vir wie hy lief is. Hy weet van geliefdes wat hom uithaal en **tog hou hy vas**. **Hy hou aan God vas**. Hy glo dat God hom presies geplaas het waar hy hom nou bevind. **Hy glo dat God vir hom sál deurkom**.

God is Paulus se competitive advantage. God is die voordeel wat hy bo ander mense het. In 2 Kor 4:1 skryf hy: “**God is baie goed vir my. Hy het my aangestel as sy dienaar om die goeie nuus oor Christus te gaan oorvertel.** Daarom kry probleme my nooit onder nie”.

Paulus het ook probleme. Ja, selfs die groot man van God wat die hele wêreld warm gepreek het en nie een klip onaangeroer gelaat het om die Evangelie uit te dra nie, selfs hy het probleme. Groot probleme. Baie probleme. Sy lewe is konstant in gevaaar. Maar hy staan elke keer weer op met 'n lied in die hart. Hoekom? Want hy sien die groter prentjie. Hy weet hy is presies waar God hom wil hê. **God is die een waarheen hy kan gaan en waar hy rus kan kry.** **Dis by God waar hy sy krag kry, waar hy wysheid ontvang om die groter prentjie te sien en te verstaan.**

My vriend, hierdie *competitive advantage* is nie net vir die groot manne en vroue van God beskikbaar nie. Nee, dit is ook vir jou en my beskikbaar. Ons kan ook, te midde van die storms en die seer en die swaar, vrede hê. God is daar vir ons elkeen. God is die rots wat nooit sal wankel nie. God wil vir ons elkeen goed wees. Ons moet net by Hom uitkom.

Gaan sit by Sy voete. Hy sal jou beslaan met wysheid. Dan kán jy weer opstaan en die lewe vierkantig in die oë kyk, want jou competitive advantage stap reg langs jou.

Gebed:

Vader, Ek is moeg van die houe van die lewe. Soms kan ek net nie meer opstaan nie. Dankie vir dié boodskap dat U daar is vir my. Help my om op te staan en met U aan die hand die lewe te face. Amen

(Geskryf deur Gerjo Ben op Kruispad.com – verkort en aangepas deur Ds Leon Tait)



TREINTJIE RY

Aksie Plus So 15 Mrt – Ons het treintjie gery! Was 'n uitbundige dag!



ALLE PERSONE IS WELKOM OM ONS OPWINDENDE SAAMWEEËS BY AKSIE PLUS TE GENIET, ONS VOLGENDE BYEENKOMS IS 'N BESOEK AAN HUIS JANRI IN APRIL EN MAY RY ONS NA ROSEMARYHILL

PINKSTERSPEL

24 MEI 2015

18:00 - 19:00

JEUG: OUER EN TIENER AAND

Onthou asb. ons Ouer en Tiener aand op

31 Mei 2015 om 18:00

Ds Margie van der Westhuizen gaan met ons kom praat.

CHRISTEN + ATEÏS

Om in God te glo, maar te leef asof Hy nie bestaan nie...

Sondag 19 April tot 10 Mei 2015

Week 1 – Ek glo in God, maar ek ken Hom nie regtig nie.

Week 2 – Ek glo in God, maar wil nie vergewe nie.

Week 3 – Ek glo in God, maar dink nie Hy is regverdig nie.

Week 4 – Ek glo in God, maar is nie seker of Hy jou lief het nie.

- - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- ♦ **1 Mei:** Vakansiedag
- ♦ **10 Mei:** Gesinsdiens & Moedersdag
- ♦ **14 Mei:** Hemelvaartdag
- ♦ **18 - 22 Mei:** Pinksterdienste 10:00 & 18:30
- ♦ **24 Mei:** Nagmaal & Pinksteroffer @ 9:00
- ♦ **31 Mei:** Ouer en Tiener aand @ 18:00

Sien jou daar!

OMGEE-BEDIENING

Die Gemeente wat vir almal omgee!



KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP!
Jy sal nie spyt wees nie.

VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:

**Tommy Rademeyer Tel: 082 372 9803
e-pos: rademeyer.tommy4@gmail.com**



10 MEI

Gelukkige MOEDERSDAG

Our children are a reflection of their parents, which explains why MY children are simply AMAZING

KARWAS

Elke eerste Saterdag van die maand

Waar? Op kerkgronde aan konsistoriekant op teerblad

Pryse: was-en-ry R20 en was-en-stofsuig R35

Tyd: 9:00-12:00

Om vir werkloses geleentheid te skep vir 'n paar rand oorlewingsgeld.



DIENSGETUIENIS-BEDIENING

Tabitha Werksklas

Annette Raubenheimer het ongeveer 1980 met die Tabitha werksklas begin. Dit was aanvanklik 'n naaldwerksel en 'n lees- en skryfklas. Die klas was eers in die motorhuis aangebied en later was dit na die saal verskuif. Vandag word dit in een van die klaskamers aangebied.

Vanaf 2001 word daar slegs naaldwerkklasse aangebied.

Daar is ongeveer 10 vroue wat dit bywoon, waarvan sommige al langer as 20 jaar betrokke is en ander slegs 'n paar maande. Die vroue kom nie slegs leer nie, maar is almal goeie vriende en kuier lekker saam.

Van die vrouens wat dit bywoon, het die volgende gesê:

- ◊ Anna Mokwana woon die werksklas al ongeveer 14 jaar by. Sy gee nie om om ver te stap om die klas by te woon nie, want sy leer klere en slope en laslappies komberse maak.
- ◊ Johanna kom nou ongeveer 1 jaar na die klas om te leer klere maak. Sy kry dit al amper reg.
- ◊ Polina kom nou so 6 maande. Sy wil leer om patronen uit te sny en klere te maak.
- ◊ Janet kom nou 2 jaar. Sy het al 'n romp en duvetoortreksel gemaak en is nou besig met 'n rok.
- ◊ Maria kom nou 4 jaar na die klas om te leer klere maak. Sy leer baie mooi.

Aan die einde van die klas kuier almal saam en deel lief en leed. Daar word afgesluit met skriflesing en gebed.

Die klas staan onder leiding van Afke Hepkema en word bygestaan deur Lynette Stroebel, Christie Loubser, Elize de Klerk en Thea de Villiers.

